

8 Maart

Skrifgedeelte: Handeling 4:1-22

Fokusgedeelte: Handeling 4:12

1.1 HK, VRAAG 67

Volle en ewige lewensgeluk

Ons almal het 'n dringende behoefte om verlos te word uit die netelige posisie waarin ons verkeer. Ons lewens is onvolmaak en besaai met ellende. Daarom is poging op poging deur die eeue aangewend om 'n beter wêreld te skep. Die een staatkundige bestel na die ander het gekom. Die een wysgerige teorie na die ander het aangekondig dat hulle die geheim van die lewe het. In die Westerse wêreld word demokrasie en menseregte aangedien as dié oplossing van ellende. Die Nuwe Era-beweging leer weer dat alle godsdienste gelyk is. Al die paaie lei uiteindelik tot die bergtop van volmaaktheid.

Hierteenoor word die boodskap van die kruis deur baie met veragting verwerp. Dit is vir 'n eiewillige mens onaanvaarbaar dat die Bybel kan sê dit is die enigste weg om verlos te word. Ander vind weer die "bloedteologie" (Sir Arthur Conan Doyle) weersinwekkend en onaanvaarbaar vir die moderne mens (Hand 17:32; 1 Kor 1:18-25).

Petrus stel die ondubbelsinnige boodskap van die Woord en die sakramente duidelik (Hand 4:10-12): "Daar is geen ander Naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie." Die woord vir verlossing is goed gekies. Dit slaan op verlossing, redding, heelmaak en genesing h er en n u (Matt 14:30; Hand 7:25; Hand 27:34)  n die ewige saligheid (Hand 4:12).

Ons het 'n heerlike voorreg! Te midde van al die ellende word ons voortdurend deur Woord en sakramente aan die verlossing in Christus herinner. Laat ons dit geniet, waardeur en voluit gebruik!

Ds. APC Duvenage (Emeritus)

~~~~~